



*Strandklere vir tjokkers*

## 1. MET MATROOSPET

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 100 g wit *Elle Summer Breeze* (50-g-bolle of 250-g-keëls) en 'n paar gram elk rooi en grys; breinaalde van 3 mm; hekelpen van 2 mm; 2 wit knopies.

**MATE:** Om kleuter van 1 tot 2 jaar oud te pas.

**SPANNING:** 29 steke en 40 rye = 10 x 10 cm oor ks, met 3-mm-breinaalde.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rs - reksteek (= elke ry regs); herh - herhaal; beg - begin; vlg - volgende; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante.

**AGTERPANT, VOORPANT EN MOUE (word aaneengebrei).**

Begin met voorpant en stel 84 ste op met wit; brei 1 cm rs.

Slaan oor na ks en hou eerste en laaste 2 ste deurgaans rs, dus: Met wit, 2 ste rs, slaan oor na ks en brei 5 ste wit, 6 ste rooi, 4 ste wit, 6 ste rooi. Brei voort met wit maar eindig met 2 ste rs.

Verspring in elke regterkantry die rooi ste 1 st tot dit teen rs-rand is.

Knip rooi af wanneer al die rooi steke weggebrei is en brei voort met wit, in koussteek, en 2 reksteke aan weerskante, tot werk 15 cm lank is.

**Vlg 3 rye:** Brei middelste 26 steke met rooi.

Brei voort met wit soos gestel tot werk 19

cm lank is.

**Mouvorming:** Stel aan beg van vlg 2 rye 30 ste op en brei voort soos volg: 3 ste rs met wit; slaan oor na ks en brei 3 ste wit, 5 ste rooi, 4 ste wit, 5 ste rooi, brei dan met wit tot laaste 3 ste, maar eindig met 3 ste rs. Verspring in vlg RK-rye die rooi ste tot dit teen rs-rand is soos reeds uiteengesit.

Brei voort tot werk 25 cm lank is en heg in vlg ry die middelste 28 ste af.

Brei elke skouer afsonderlik, en vermin 1 st aan halsrand, 3 keer altesaam.

Brei voort tot werk 27,5 cm lank is.

Vorm halsrand van agterpant: stel aan halsrand 21 ste op om halsrand van een agterpant te vorm.

Brei die 4 steke wat halsopeningstrook sal vorm deurgaans rs. Daar is dus 3 ste aan armsgatrand en 4 ste aan halsopeningrand in rs; die res word deurgaans ks gebrei.

Brei twee knoopsgate in regterstrook, die eerste in 3e ry vanaf begin, die tweede ongeveer 4 cm daarvandaan.

Brei voort tot werk 7 cm lank is vanaf begin van knoopsgatrand, en plaas steke op 'n stekehouer.

Brei tweede skouer net so, maar sonder knoopsgate, en plaas, wanneer tweede skouer so lank soos eerste is, die knoopsgatstrook oor knoopstrook, brei strooksteke tesame en brei voort tot werk 9 cm lank is vanaf begin van knoopsgatrand.

Heg aan begin van vlg 2 rye 30 ste af.

Brei weer 2 ste aan weerskante in rek-

steek.

Brei reguit voort tot werk 1 cm korter as voorpant is, slaan oor na rs, brei nog 1 cm en heg af.

**AFWERKING:** Borduur die matroospetjie met grys stamsteek bokant die horisontale rooi streep in middel van voorpant. Werk sy- en mounate toe. Hekel 1 rondte kortbeen en een rondte krapsteek (= kortbeen van links na regs) oor halsrand. Werk knope aan agterpantopening in posisie vas.

## 2. MET VUURTORINGMOTIEF

**BENODIGDHEDE:** *Elle Summer Breeze* (50-g-bolle of 250-g-keëls) ongeveer 100 g wit, 50 g rooi en 50 g grys; breinaalde van 3 mm; hekelpen van 2 mm, 2 wit knopies.

**MATE:** Om kleuter van 1-2 jaar oud te pas.

**SPANNING:** 29 steke en 40 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3-mm-breinaalde.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rs - reksteek (= elke ry regs); herh - herhaal; beg - begin; vlg - volgende; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante.

**VOOR-, AGTERPANT EN MOUE (word aaneengebrei):** Begin by middelboord van voorpant. Stel 84 steke met wit op en brei 1 cm rs.

Slaan oor na ks, maar brei eerste en laaste 2 steke altyd reksteek. Brei so voort tot werk 19 cm lank is.

**Mouvorming:** Stel aan beg van vlg 2 rye 31 ste op.

**Vlg ry:** Brei met RK voor tot laaste 31 ste en plaas begin van twee skuins, rooi strepe soos volg: Brei 6 ste wit, 6 ste rooi, 4 ste wit, 6 ste rooi, 7 ste wit en die laaste 2 ste altyd rs.

Verspring in elke vlg ry rooi steke 1 st nader aan rs-randjie tot rooi steke langs rs-randjie een vir een weggebrei is — die werk is nou ongeveer 6,5 cm lank vanaf opgestelde mousteke.

Brei voort tot werk 26 cm lank is vanaf begin.

**Halsvorming:** Brei 63 ste, heg 20 ste af, brei voort oor laaste 63 ste vir eerste skouer. Vermin 1 st aan halsrand in vlg 6 rye en brei voort tot werk ongeveer 27,5 cm lank is.

**Halsrand van agterpant:** Stel in vlg ry aan halsrand 20 ste op en brei in daaropvlg rye 5 ste wat linkeropeningstrook moet vorm, altyd rs.

Brei in regteropeningstrook 2 knoopsgate, die eerste in 3e ry vanaf opgestelde halsrandsteke en die tweede 4 cm daarvandaan.

Brei voort tot werk 7 cm lank is vanaf opstelsteke; plaas ste op 'n reserwenaald en brei tweede skouer op dieselfde manier, maar met omgekeerde vorming en 'n strook sonder knoopsgate tot dit so lank soos eerste skouer is.

Plaas knoopsgatstrook oor knoopstrook en brei in volgende ry die steke van albei stroke tesame.

Brei voort oor al die steke tot werk 9 cm lank is vanaf halsrand en heg aan beg van vlg 2 rye 31 ste af om movorming te voltooi.

Brei voort in ks oor oorbl steke, met eerste en laaste 2 steke van elke ry reksteek, tot werk 1 cm korter as voorpant is.

Slaan oor na reksteek, brei 1 cm en heg af.

**AFWERKING:** Werk sy- en mounate toe. Hekel 1 rondte kortbeen en 1 rondte krapsteek oor halsrand en mouboordjies. Werk knopies teenoor knoopsgate vas.

BLAAI OM



VAN BLADSY 61

**3. BAAIPAKKIE**

**BENODIGDHEDE:** *Noriex Elle Summer Breeze* (50-g-bolle, suiwer katoen): 100 g rooi; 50 g groen; 50 g helderblou; breinaalde van 3 mm; 4 knopies.

**MATE:** Om 'n kind van 2 tot 3 jaar oud te pas; borsmaat 55 cm.

**SPANNING:** 30 steke en 40 rye = 10 X 10 cm oor koussteek met 3-mm-breinaalde.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rs - reksteek (= brei elke ry regs); herh - herhaal; alt - alternatiewe; st(e) - steek(steke); oorbl - oorblywende; weersk - weerskante; buis-st - buissteek (= eerste ry: \*brei een steek regs, garing vorentoe; glip een steek aweregsgeuys, garing agter\*; tweede en daaropvolgende alt rye: glip regssteek van vorige ry, en brei glipsteek regs); gut - garing vorentoe; ga - garing agter; gl - glip; beg - begin; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; vlg - volgende.

**AGTERPANT:** Stel 18 ste op met rooi, vir kruis, en brei 4 rye ks. Stel dan nog 2 ste op aan beg van vlg 32 rye — 82 ste. Brei reguit voort tot werk 13 cm lank is vanaf kruis. Brei 2 rye met blou. Slaan weer oor na rooi en brei voort is ks tot werk 19 cm lank is vanaf kruis. Brei dan horisontale strepe soos volg: 2 rye groen, (2 rye blou, 2 rye groen) 4 keer. Slaan oor na rooi en brei voort in ks tot werk ongeveer 30 cm lank is vanaf kruis. Brei 2 rye met blou.

Slaan weer oor na rooi en brei nog 2,5 cm ks — 32,5 cm vanaf kruis.

**Vlg ry:** Brei rs oor eerste en laaste 11 ste en ks oor ste tussenin. Brei 7 rye soos gestel.

**Armsgatvorming:** Heg 6 ste af aan beg van vlg 2 rye. Hou aan met rs oor eerste en laaste 5 ste en brei ks oor ks-ste.

Brei voort soos gestel tot werk 37 cm lank is vanaf kruis. Brei dan 5 rye in rs oor middelste 40 ste en soos gestel oor oorbl ste.

**Halsopening:** Vlg ry: Heg middelste 30 ste af en brei ste van skouerbande soos hulle voorkom tot werk 10 cm lank is vanaf beg van armsgatvorming. Brei nog 5 rye rs oor al die ste en heg netjies af.

**VOORPANT:** Soos agterpant.

**AFWERKING:** Volg diagram en borduur diamante soos op foto in duplikaatsteek. Werk kruisnaat toe. Tel, met rooi, 85 ste uit elke broekspyprandjie op en brei 6 rye rs. Brei dan 2 rye buissteek en heg volgens maasmetode af. Werk synate toe.

Maak 2 knooplusse aan elke skouerbandrand van voorpant en werk 2 knope aan albei skouerbandrande van agterpant teenoor knooplusse vas.

**DIAGRAM**

Een blokkie = 1 steek en 1 ry

□ — rooi    ⊗ — blou    ● — groen

